Verwysing: 20200630-6728
Lêerno.: 3/3/2/3
Navrae: Inbelsentrum

Omsendbrief: 0017/2020
Vervaldatum: 31/12/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: *Hierdie omsendbrief beskryf in hooftrekke die proses vir die aanstelling van assistente vir opvoeders om ondersteuning "in die klaskamer" te bied waar opvoeders toegewings vir komorbiditeitsaansoeke toegestaan is.*

Onderwerp: Aanstelling van assistente vir opvoeders

1. Om te verseker dat daar voortgesette dienslewering is tydens die nasionale rampstaat na die uitbraak van die COVID-19-pandemie, wat ook as die novel koronavirus bekend staan, het die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD), Werwing-en-keuringsminuut 0001/2020 van 03 Junie 2020 wat **nie** voorsiening vir die aanstelling van plaasvervangers vir opvoeders met komorbiditeite maak nie, hersien.

2. Om hulp aan inrigtings te bied, het die WKOD 'n werwingsonderneming aangepak om assistente vir opvoeders te bekom om die nodige ondersteuning "in die klaskamer" aan opvoeders met komorbiditeite te bied.

3. 'n Databasis (wat weekliks bygewerk word) met die profielsketse van die beskikbare assistente vir opvoeders sal beskikbaar gestel word aan inrigtings via die Mensebestuurpraktykestelsel. Inrigtings mag die databasis gebruik om kandidate wat geskik is om assistente vir opvoeders te wees, te bekom vir gebruik in gevalle waar toegewings gemaak is aan opvoeders met komorbiditeite.

4. Die volgende dokumente vir die aanstelling van 'n assistent vir 'n opvoeder wat deur 'n inrigting genomineer is, moet ingedien word:
   a) Aansoekvorm van opvoeder
   b) Kwalifikasie of bewys van universiteitsregistrasie
   c) ID
   d) Bankvorm
   e) SAID-vorm (belastingvorm)

f) MIE-vorm (geskiktheidskontrolering deur personeel)
g) Ondersteunende bewys van die toegewing wat gemaak is vir die komorbiditeitsaansoek.

5. Nominasies kan voorgelê word via Recruitment.Institution@westerncape.gov.za.

6. Die bepaling van hierdie omsendbrief sal beëindig word op die datum waarop die nasionale rampstaat opgehef word.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2020-07-06